

NUUSBRIEF

Geagte inwoners

Die Kannaland Munisipaliteit het die afgelope 12-13 jaar finansiële probleme ondervind en was al twee keer onder Administrasie geplaas. Die nuutverkose raad het besluit tydens 'n Spesiale Raadsvergadering wat gehou was in Desember 2016 om die LUR vir Plaaslike Regering, Mnr. Anton Bredell, te versoek om Kannaland Munisipaliteit onder gedeeltelike Administrasie ingevolge artikel 139 (5) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika te plaas. Die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap het tydens Desember 2016 besluit om die versoek goed te keur en die Munisipaliteit moes 'n finansiële herstelplan ingevolge die intervensie aanvaar.

Die skaal van wanbestuur, bedrog en korrupsie wat die vorige administrasie gekenmerk het, het ons verplig om gedurende September 2016 'n volledige forensiese ondersoek aan te vra. Finansiële wanbestuur ten bedrae van R15 miljoen is deur die Provinsiale Regering se Forensiese Dienste ondersoek en kriminele aanklagte is gelê. Dit sluit die totale randwaarde van die Valke-ondersoek uit, wat meer omvattende is met betrekking tot beweerde bedrog en korrupsie. Die Valke-ondersoek is in 'n gevorderde stadium. Ná die munisipale verkiesing op 3 Augustus 2016 het die huidige raad 'n bankrot en disfunksionele munisipaliteit geërf toe hulle op 16 Augustus 2016 indiens gekom het. Op daardie stadium was uitstaande skuldeisers R69 miljoen.

Ten spyte van die baie moeilike uitdagings wat die munisipaliteit in die gesig staar, is dit nou in 'n beter kontantvloeiposisie as gevolg van die volgende:

- Die betaalkoers het verbeter van 64% tot 85%, maar dit bly 'n uitdaging om die nasionale norm van 97% te bereik. (Een derde van die totale huishoudings in die dorpe koop elektrisiteit van Eskom).
- Die uitstaande krediteure soos hierbo gelys is tot R46 miljoen verminder soos op 31 Maart 2018 soos per die hersiene begroting. Hierdie bedrag sluit die nie-kontant gerugsteunde toekennings van R10 miljoen in.
- Die uitstaande Eskom-rekening is ten volle vereffen.
- Ooreenkomste met SARS, SALGA, AG en ander diensverskaffers is in plek.
- As gevolg van die SARS-ooreenkoms kon ons voorsiening maak vir BTW-opgawes van R8,6 miljoen vir die 2018/2019 finansiële jaar.

HUIDIGE AGTERSTANDE

Die **voertuigvloot** is in so 'n swak toestand dat dit dienslewering tot 'n groot mate belemmer en om hierdie voertuie te vervang, sal minstens die Munisipaliteit R20 miljoen kos.

Die volgende voertuie is nodig vir volhoubare dienslewering:

- 'n Grader vir paaie, mini-stootskraper vir stortingsterreine, vullisvragmotors, rioolvragmotors ("honey sucker") en 'n JCB,
- Om nie bakkies en ander ligte voertuie te noem nie. Die bestaande voertuie benodig konstante herstelwerk en instandhouding wat ons beperkte kontantvloeisituasie vererger. Hierdie voertuie hou beroepsgesondheids- en veiligheidsrisiko's in.

Die opgradering van paaie, stormwater- en retikulasienetwerke kan nie gebeur nie, weens die munisipaliteit se onvermoë om 'n eie kapitaalbegroting te hê. Die huidige kapitaalbegroting is subsidieafhanklik. 'n Groot uitdaging in hierdie verband is die vestiging en kanalisering van fondse aan die kapitaalvervanging reserwefonds wat tans nie bestaan nie. Dit bedreig volhoubare dienslewering in hierdie verband.

Die **Inligting en Kommunikasie Tegnologiesie**-omgewing benodig dringende opgradering as gevolg van die implementering van MSCOA, 'n elektroniese rekordbestuurstelsel en prestasiebestuurstelsel, asook ander stelsels wat nodig is om 'n effektiewe en doeltreffende administrasie te bevorder.

Die Munisipaliteit het nie 'n **Algemene Eiendoms Waardasierol** in die 2014/2015 finansiële jaar geïmplementeer nie. Die Munisipaliteit is dus nie in staat om die inkomste te verhoog wat nodig is om 'n algemene waarderingsproses te dek wat ons tussen R4 miljoen en R5 miljoen sal kos. Dit op sigself verswak die finansiële kapasiteit, want ons verbeur die broodnodige eiendomsbelastinginkomste wat sedertdien geïen kon word.

'n Bemiddelingsooreenkoms met die Openbare Vervolgingsgesag met betrekking tot die bestuur van die **stortingsterreine** is in plek, wat die erns van die nie-nakoming ten opsigte van die aangeleentheid beklemtoon. Soos voorheen aangedui, beskik die Munisipaliteit nie oor behoorlike masjienerie en kapasiteit om die probleem effektief aan te spreek nie. Dit is 'n baie duur oefening om hierdie uitdaging op die voorgeskrewe wyse te hanteer.

Die plaaslike ekonomie is afhanklik van ons **waterbergingskapasiteit**, veral in Ladismith. Daarom benodig ons dringend 'n ingryping op Nasionale vlak om die befondsing te verseker vir die suksesvolle oprigting van die Swartbergdam-projek, sowel as die opgradering van die Ladismith-afvalwateraanleg. Dit sal die plaaslike vervaardigingsbasis in staat stel om uit te brei en meer werksaangeleenthede te skep en sodoende by te dra tot die langtermyn finansiële lewensvatbaarheid van die munisipaliteit.

Openbare vertroue in Kannaland Munisipaliteit se vermoë om sy eie sake te hanteer, is uiters laag. Die gemeenskap en verkose amptenare kom tans tot verhaal met onwyse besluite wat die afgelope dekade deur verkose beampptes geneem was. Hierdie besluite het gelei tot 'n strukturele tekort, verstommende skuld en verswakkende infrastruktuur dwarsdeur die munisipaliteit.

Die politieke leierskap in die Munisipale Raad, die Uitvoerende Burgemeester en Speaker, sowel as die Munisipale Bestuurder word voortdurend gedreig en die Munisipaliteit is ook nie in staat om permanente sekuriteit aan die verkose voltydse raadslede te bied nie, weens die ongunstige kontantvloeissituasie. Verskeie kriminele aanklagte is gelê en sommige van hulle is reeds op die hofrol.

In die lig van bogenoemde is ek daarom geen ander keuse gelaat om te versoek dat die Munisipaliteit onder volle Administrasie geplaas word, aangesien die huidige gedeeltelike Administrasie langer sal neem om die verlangde doelwitte te bereik, soos in die bestaande finansiële herstelplan gelys.

LET WEL: HIERDIE ITEM IS VIR OORWEGING TYDENS "n SPESIALE RAADSVERGADERING, WAT GEHOU SAL WORD OP 7 JUNIE 2018 OM 9VM IN DIE RAADSAAL.

Die uwe


M BARRY
UITVOERENDE BURGEMEESTER